# Onderwysersgids

# FELINA KAT GEHEIME AGENT

## Louise Smit




Hierdie gids is as hulpmiddel vir die **onderwyser** in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 4-6 Afrikaans Huistaal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum-en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

**LET WEL**: Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman *Felina Kat – Geheime Agent* (Human & Rousseau, 2022)

**Hierdie onderwysersgids mag gratis in die klaskamer gebruik word.**

Hierdie gids is saamgestel deur **dr. Dewald Koen**, Fakulteit Opvoedkunde,
Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha.

**Kopiereg: © Human & Rousseau, 2023. ’n Druknaam van NB Uitgewers.**

## INHOUDSOPGAWE

**INHOUD** **BLADSY**


**Afdeling A: Benaderings tot die onderrig van letterkunde.................. 3**
**Genre.................................................................................................. 4**
**Kort biografie van die skrywer………………………………………….... 5**
**Leesfases............................................................................................ 6**
**Aktiwiteite: Pre-leesfase...................................................................... 7**
**Pre-lees: Vrae...................................................................................... 8**
**Literêre teorie: *Felina Kat – Geheime Agent*......................................… 9**
**Literêre begrippe: Verteller………………………………………………….. 9**
**Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd………………………… 10**
**Literêre begrippe: Ruimte of plek…………………………………………. 10**
**Literêre begrippe: Temas en titel....……………………………………….. 11**
**Karakterisering……………………………………………………………… 12**
**Karaktersketse………………………………………………………………. 12-15**
**Afdeling B: Lees…………………………………………………………….. 16**
**Afdeling C: Post-lees…………………………………...……………….. 17**
**Kontekstuele vrae & opsommings (Hoofstuk 1-11)…………………….. 17-44**
**Epiloog: Vrae……………………………………………………………….. 45-46**
**Voorgestelde antwoorde (Hoofstuk 1-11 & epiloog)…………………… 47-53**
**Die literêre navorsingstaak: Wenke en aktiwiteite................................ 55-60**
**Bronnelys………………………………………………………………….. 61**






Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING A: INLEIDING
## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Intermediêre fase, graad 4-6**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- **Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas.** Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die **klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie**, maar om aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.
- **Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks.** Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.
- **Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie**, maar fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## GENRE

Die genre verwys na die **tipe verhaal** wat die skrywer aanbied. Louise Smit se *Felina Kat – Geheime Agent* is ’n jeugroman. Die genre is dus prosa. Die tipe prosa is ’n **speurverhaal**. Daar word onderskei tussen drie soorte literêre tekste:

**Prosa (*Epiek*) - roman, novelle, kortverhaal, jeugroman, kinderverhaal, fabel, sprokie ens.**

**Poësie (*Liriek*) - gedigte (Ook liedere: Die lirieke van 'n lied.)**

**Dramateks (*Dramatiek*) - verhoogdrama, radiodrama, hoorspel ens.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

# LOUISE SMIT



**(Foto met vergunning van NB uitgewers.)**

**Louise Smit** het bekendheid verwerf deur haar baie susesvolle kinderprogramme vir radio en TV soos *Wielie Walie*, *Haas Das se Nuuskas*, *Pumpkin Patch*, *Kideo*, *Mina Moo* en vele ander. Sy is die skrywer van meer as 20 kinderboeke. Sy het al verskeie plaaslike en internasionale toekennings vir haar werk ontvang, o.a. sewe Artestoekennings, twee Star Tonight-toekennings, die Prix de Jeunesse, die Tokio Internasionale Prys vir innoverende TV-programme en 'n ATKV-Woordveertjie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## WAAROM IS DIE PRE-LEESFASE BELANGRIK?

**Pre-lees stel die volgende ten doel (KABV, 2011:10):**

- **Aktiveer bestaande kennis.**
- **Stel vas wie die bron, die skrywer en wat die publikasiedatum is.**
- **Lees die eerste en laaste paragrawe van 'n afdeling.**
- **Maak voorspellings oor onder andere die inhoud en tema.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

# AKTIWITEITE: PRE-LEESFASE

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE JEUGROMAN**

**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**




# WIE? WAT? WAAR? WANNEER?

# KOM ONS BESPREEK!



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## PRE-LEES – VRAE

1. Wat is die **titel** van die jeugroman?

______________________________________________

2. Wat is die **skrywer** (outeur) se naam en van?

______________________________________________

3. Dink jy die seun op die voorblad is 'n **tiener**? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Wie, dink jy, is "**die geheime agent**" waarna die titel verwys?

______________________________________________

5. Deur watter **uitgewer** is die jeugroman gepubliseer?

______________________________________________

6. Lees die **opsomming** van die storie (verhaal) op die agterblad. Maak dit jou nuuskierig om die storie te lees? **Gee 'n rede vir jou antwoord**.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

7. Is dit 'n "gewone" olifant op die agterplat (agterblad)? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________

8. Wie, dink jy, is die **hoofkarakter** in die jeugroman?

______________________________________________

9. In watter jaar is die jeugroman gepubliseer?

______________________________________________

10. Wat is die doel van die ISBN-nommer op die agterplat (agterblad)?

______________________________________________

______________________________________________




Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE TEORIE: *FELINA KAT – GEHEIME AGENT*

Volgens die KABV (2011:18) is die volgende literêre aspekte belangrik vir **Afrikaans Huistaal in die Intermediêre fase**:

**Stories en dramas / tonele**

- **Verhaallyn**
- **Karakters**
- **Ruimte / milieu (plek)**
- **Tyd**
- **Tema / boodskap**
- **Teksstruktuur en -formaat**
- **Belangrikste kenmerke van die teks**



### ROMAN - DEFINISIE

Die woord "roman" beteken letterlik "'n boek geskryf" in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is 'n **prosaverhaal. Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as 'n beskrywing van die handelinge.

### DIE VERTELLER (PROTAGONIS)

Elke verhaal het 'n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**.

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**.

### ALOMTEENWOORDIGE DERDEPERSOONSVERTELLER

***FELINA KAT – GEHEIME AGENT***

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (**Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.**)



**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Felina Kat – Geheime Agent* se **verteltyd** strek dus oor **159 bladsye** bestaande uit **elf hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor 'n **aantal dae**.

Die verhaal word **chronologies** aangebied.

## TYDSVERLOOP

### CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

### ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Dis tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Felina Kat – Geheime Agent* is die verloop van tyd **chronologies**.

## RUIMTE OF PLEK

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Felina Kat – Geheime Agent* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is in **Jozi (Johannesburg)**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE



Die term “intrige” verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. <u>Intrige lei tot spanning</u>.

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. ’n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of ’n karakter nie.

## <u>ENKELE TEMAS</u> IN *FELINA KAT – GEHEIME AGENT*

- **Misdaad**
- **Vriendskap**
- **Samewerking**
- **Geregtigheid**


## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Felina Kat – Geheime Agent*. Die titel is ’n belangrike komponent aangesien dit die **verhaal ontsluit**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

### HOOFKARAKTER



**Felina Kat is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook 'n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Felina Kat – Geheime Agent* sal Timo en Skote Petoors as voorbeelde van newekarakters beskou kan word.**

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
|---|---|
| **Felina Kat**  | Felina Kat is die hoofkarakter. Sy is 'n spesiale kat, want sy is 'n Geheime Agent. Sy doen speurwerk en los misdade op sodat die polisie skelms kan vang. Haar regteroog is groen en haar linkeroog is geel. Sy het die vermoë om in 'n swart arend te verander en te kan vlieg. Die Kattefee het aan Felina besondere gawes gegee. Felina was een van nege katjies en die ander agt was groter en sterker as sy. Daarom het die Kattefee vir Felina spesiale gawes gegee. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Skote Petoors (Jakobus Pretorius)**  | Skote Petoors is ’n speurder. Hy dra gereeld ’n kamoefleerpet wat hy laag oor sy oë trek. Sy ma het hom van kleins af “Skote Petoors” genoem omdat sy dink hy ’n slim kind is. Sy het gesê dat hy eendag die beste speurder in die hele wêreld gaan wees.<br><br>Op skool was hy ’n stoeikampioen. |
| **President Mandla** | Hy is die president van die land en is getroud met mevrou Fancy Mandla. |
| **Mevrou Fancy Mandla**  | Sy is die president se vrou. Tydens ’n onthaal word haar blou diamantring gesteel.<br><br>Aan die einde van die verhaal steek sy die medalje aan speurder Jakobus Pretorius se lapel vas nadat hy haar blou diamantring opgespoor het. |
| **Ali Dabi** | Ali Dabi is die eienaar van ’n kafee. Hy is vriende met Skote Petoors. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Fantus**<br> | Fantus is Felina Kat se olifantrobot. Hy lyk soos ’n olifant wat op sy agterpote staan. Hy beantwoord al Felina Kat se telefoonoproepe. |
| **Timotheus Falk (Timo)**<br> | Timo is nege jaar oud en woon in dieselfde woonstelblok as Felina Kat. Sy ma is ’n modejoernalis en sy pa is ’n sakeman. Hy lees graag sy ouma se Tarzanboeke wanneer hy by haar in haar modewinkel kuier. Timo is ’n baie nuuskierige seun. |
| **Ouma Annabella** | Ouma Annabella is die eienaar van ’n modewinkel oorkant Timo se woonstelblok. Sy is Timo se ouma. Mevrou Fancy Mandla koop gereeld by haar klere. |
| **Nick** | Nick is Timo se beste vriend. |
| **Henri** | Henri is ’n juwelier en werk by die juwelierswinkel. Hy kan Frans praat. |
| **Ettie** | Ettie is Nick se jonger sussie. Hy moet tydens hulle vakansie by die see na haar kyk en met haar speel. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Dahlia en Malia**<br> | Tweeling. Hulle werk vir die skelm Professor en was betrokke by die diefstal van mevrou Mandla se ring. Hulle is goed in karate. |
| **Professor Zymkovski (Professor Boggerofski)**<br> | Professor Zymkovski is ’n skelm man. Hy en die tweeling steel juweliersware. Sy regte naam is Professor Boggerofski. |
| **Misti** | Misti is Professor Zymkovski se witrot. |
| **Sir Horace Hoppeneimer** | Hy is ’n ryk mynbaas en het ’n groot blou diamantring aan die president se vrou as geskenk gegee. |
| **Kolonel** | Speurder Skote Petoors moet aan die kolonel rapporteer. |
| **Elsa Wolff** | Elsa werk vir die Intelligensiediens. Sy is ’n wêreldkampioennaelloper. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES


"Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan" (KABV, 2011:23).

- **Toon aktiewe begrip van die teks.**
- **Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.**
- **Gebruik leesbegripstrategieë.**
- **Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.**

**WENK VIR DIE ONDERWYSER**

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir 'tuiswerk' te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

**AFDELING C: POST-LEES**
**HOOFSTUK 1 (bl. 1-14)**

## PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Begin die les deur vir die leerders te vra om voorbeelde van misdaad te noem.
2. Het enige leerder al misdaad ervaar? (**Bespreek sy of haar ervaring**.)
3. Wat dink die leerders doen ’n speurder?

## OPSOMMING

Felina sit op die dak van die hoogste gebou in die stad en kyk na alles wat gebeur. Sy sien **speurder Skote Petoors** wat moedeloos lyk. Die kolonel het hom gevra om ’n groot saak op te los. Die president se vrou se blou diamantring is gesteel. Skote Petoors wou van kleins af ’n speurder wees, maar hierdie belangrike saak bekommer hom. Wat gaan gebeur indien hy nie die skelm vang wat die ring gesteel het nie? **Mevrou Mandla** se ring is gesteel tydens ’n groot onthaal. Sy het badkamer toe gegaan, maar die skelm het haar lyfwag bewusteloos geslaan, mevrou Mandla verdoof en haar ring gesteel. Na ses maande is die saak nog nie opgelos nie.



Skote Petoors sien ’n advertensie wat op ’n muur geplak is en bel die nommer. **Fantus** antwoord die telefoon en sê dat die Geheime Agent hom sal help om die skelm te vang. Skote Petoors gaan drink ’n gemmerbier by **Ali Daba** se kafee. **Timo** kom binne en koop ’n pakkie Maroela-kougom. Timo woon in die woonstelle bo-op die kafee. Sy ouma, Annabella, besit ’n modewinkel wat oorkant die straat geleë is. Timo sê dat hy graag vir Skote Petoors sal help om die skelm op te spoor wat mevrou Mandla se blou diamantring gesteel het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **gewoel** | **1** | |
| **bespied** | **1** | |
| **gierigheid** | **2** | |
| **speurder** | **2** | |
| **moedeloos** | **2** | |
| **verbrou** | **3** | |
| **onthaal** | **4** | |
| **verdowingsmiddel** | **4** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## KONTEKSTUELE VRAE

1.1. Hoe verskil Felina van ander katte?

1.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Gee 'n rede vir jou antwoord.

*Felina se oë is grasgroen*.

1.3. Waarom gebeur daar volgens Felina meer misdaad in die stad?

1.4. Wat is 'n speurder in die polisie se werk?

1.5. Waarom, dink jy, moet 'n speurder soos Skote Petoors 'n kamoefleerpet dra? Verduidelik.

1.6. Verduidelik waarom die speurder se ma hom "Skote Petoors" noem.

1.7. Wie is die president van die land waarin Felina en Skote Petoors woon?

1.8. Waarom, dink jy, moet 'n president of sy vrou 'n lyfwag hê?

1.9. Maak 'n kort lysie waarin jy verduidelik hoe die skelm mevrou Mandla se blou diamantring gesteel het.

1.10. Wat is 'n "tjokkertjie"? (bl. 6)

1.11. Verduidelik waarom Felina nie self die telefoon beantwoord het toe Skote Petoors haar gebel het nie.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

1.12. Hoekom vra Skote Petoors die Geheime Agent om hom te help om die diamantring op te spoor?

1.13. Wat is die verskil tussen **bier** en **gemmerbier**?

1.14. Sal jy die Maroela-kougom eet? Gee ’n rede vir jou antwoord.

1.15. Wie gaan vir Skote Petoors en die Geheime Agent help om die gesteelde ring op te spoor?

1.16. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Timo se ouma se winkel se naam is Annabelle omdat dit ook haar eie naam is.

1.17. Na watter virus, dink jy, verwys die verteller op bl. 14? Gee ’n rede vir jou antwoord.

## POST-LEES (VERRYKING)

1. **Teken ’n spinnekopdiagram** en maak ’n lys van al die karakters wat in hoofstuk een genoem word.
2. **Ontwerp ’n advertensie**: Verbeel jou jy is Felina – die Geheime Agent. Ontwerp ’n advertensie waarin jy jou dienste as speurder aanbied.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 2 (bl. 15-26)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Gesels oor die ontstaan van die stad, Johannesburg.
2. Is dit belangrik dat mense soos staatspresidente lyfwagte moet hê? (**Bespreek in die klaskamer**.)
3. Indien jy Felina was, wat sou jy eerste doen om die diamantring op te spoor?

### OPSOMMING

**Felina Kat** spring dadelik aan die werk om die skelm te vang wat mevrou Fancy Mandla se ring gesteel het. Sy besluit om na die video-opname te kyk wat tydens die funksie opgeneem is. Op die video sien Felina die president se vrou in haar mooi rok en die blou diamantring wat aan haar vinger blink. Nadat die voorgereg bedien is en mevrou Mandla daarvan geëet het, voel sy nie goed nie. Haar lyfwag neem haar badkamer toe. Later word die hoofgereg bedien en mevrou Mandla is steeds nie terug by die tafel nie. Haar man raak bekommerd. Toe die lyfwag wat mevrou Mandla gaan soek het die president inlig dat sy in die badkamer aangeval is, druk die president 'n noodknoppie op sy selfoon en daarna is daar oral polisiebeamptes. Die twee meisies wat die voorgereg bedien het, is egter nie meer daar nie. Felina vermoed dat hulle dalk iets te doen het met die gesteelde ring. Felina gaan staan op haar daktuin en ondergaan 'n metamorfose. Sy word groter en kry sweefvlerke soos 'n **swart arend**. Haar instink gaan haar na die boewe lei.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **deftig** | **16** | |
| **slank** | **17** | |
| **kug** | **17** | |
| **parmantig** | **20** | |
| **snip** | **20** | |
| **spysenier** | **23** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| **metamorfose** | | |
| **boef** | | |
| **instink** | | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## KONTEKSTUELE VRAE

2.1. Wat is die **eerste stap** wat Felina neem om die ondersoek na die gesteelde diamantring te begin?

2.2. Hoe skakel Fantus die rekenaarskerm op sy bors aan?

2.3. Beskryf die voorkoms van die twee meisies wat die hooftafel bedien.

2.4. Wat is die verskil tussen ’n voor- en ’n hoofgereg?

2.5. Verduidelik waarom die lyfwag die presidentsvrou na die badkamer moet neem.

2.6. Dink jy dit is vreemd dat sy ’n vroulike lyfwag het? <u>Gee ’n rede vir jou antwoord</u>.

2.7. Waarom het sommige mense – soos ’n staatspresident – ’n lyfwag nodig?

2.8. Waarom is Fantus bekommerd oor wat die mens aan olifante doen? Verduidelik.

2.9.1. Wat het Felina opgelet toe sy die video kyk?
2.9.2. Waarom is dit belangrike inligting?

2.10. Wat beteken dit as iemand “skoonveld” (bl. 23) is? Verduidelik.

2.11. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Die kelnerinne is betroubaar omdat hulle al baie jare by Tasty Tops werk.

2.12. Wat gebeur met Felina wanneer sy haar son-oog drie keer knip en konsentreer?

2.13. Na watter stad verwys “Jozi” (bl. 25)?

2.14. Waarvoor is Johannesburg bekend? (**Lees bl. 26 vir ’n leidraad**.)

## POST-LEES (VERRYKING)


1. Vra die leerders wat hulle dink van die feit dat die twee kelnerinne verdwyn het. (**Gespreksvoering**)

2. **Poskaart**: Verbeel jou jy is mevrou Mandla. Jy is erg geskok na dit wat met jou gebeur het. Skryf vir jou beste vriendin ’n <u>kort boodskap</u> op ’n poskaart waarin jy kortliks vertel wat met jou gebeur het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

VOORBEELD VAN 'N POSKAART







Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 3 (bl. 27-41)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. **Klasgesprek**: Verkies jy om in die skoolvakansie by die huis te rus of iewers heen te gaan? Hoekom?
2. Hoe oud moet ’n kind wees voor sy of haar ouer of voog vir hom of haar ’n selfoon kan gee? **Bespreek in die klaskamer**.
3. Wat is die nadele indien ’n ouer of voog vir ’n jong kind ’n selfoon gee?

### OPSOMMING

**Timo** is besig om aan ’n skooltaak te werk, maar sukkel om te konsentreer. Hy wonder wie op die boonste verdieping van hulle woonstelblok woon en waarom dit altyd so stil is daar. Hy besluit dat hy meer inligting benodig en sy ouma vra om hom te help deur mevrou Mandla uit te vra oor die rooftog wanneer sy weer rokke kom koop. Hy stap oor die pad na sy ouma se winkel en kry ’n roomys in die yskas. Hy begin een van sy ouma se Tarzanboeke lees. Later daag mevrou Mandla by die winkel op en Timo luister na die gesprek tussen mevrou Mandla en sy ouma. Timo hoor iets wat hy dink belangrik is om die skelm te kan vang. Hy besluit om dadelik vir **Skote Petoors** te gaan vertel wat hy gehoor het. Speurder Skote Petoors wens Timo geluk met sy uitstekende speurwerk. Timo besluit egter dat hy nog nie vir Skote Petoors gaan vertel oor die stil woonstel op die vyftigste verdieping van hulle woonstelgebou nie. Hy wil die volgende dag uitvind of daar iemand bly of nie.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **hommeltuig** | **27** | |
| **slimfoon** | **28** | |
| **koelkas** | **30** | |
| **hysbak** | **30** | |
| **leidraad** | **34** | |
| **bewusteloos** | **34** | |
| **gevegskuns** | **34** | |
| **skrams** | **35** | |
| **kreet** | **36** | |
| **juwelier** | **37** | |
| **limonade** | **39** | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| ADDISIONELE WOORDBANK | | |
|---|---|---|
| **onderskeie** | | |
| **volwassenes** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## KONTEKSTUELE VRAE

3.1. Waarom sukkel Timo om op sy skooltaak waaraan hy werk te konsentreer?

3.2. Wat merk Timo op van die swart voël wat hy sien toe hy by die venster uitkyk?

3.3. Verduidelik wat ’n “Zeito” (bl. 28) is.

3.4. Hoekom, dink jy, het Timo se ouers nie liewer vir hom ’n selfoon gekoop nie?

3.5. Wat is Timo se ouers se rede waarom hulle nie vir hom ’n selfoon wil koop nie?

3.6. Wat is Timo se ma en pa se onderskeie beroepe?

3.7. Dink jy Timo hou daarvan om boeke te lees? <u>Gee ’n rede vir jou antwoord</u>.

3.8. Watter plan maak Timo om meer uit te vind oor mevrou Mandla se ring wat gesteel is?

3.9. Dink jy dit is reg vir kinders om volwassenes se gesprekke af te luister? <u>Gee ’n rede vir jou antwoord</u>.

3.10. Waarmee vergelyk mevrou Mandla se lyfwag die skelm wat die ring gesteel het?

3.11. Hoekom het mevrou Mandla nie weggehardloop toe die skelm haar ring wou steel nie? Verduidelik.

3.12. Waarom fassineer die vyftigste verdieping van die woonstelgebou vir Timo?

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Dink jy Timo tree reg op deur vir Skote Petoors met sy ondersoek te help? Gee ’n rede vir jou antwoord. (**Bespreek in die klas**.)

2. **Maak ’n lys** van die boeke wat jy al gelees het. Indien jy nog nie enige boeke gelees het nie, watter boeke sal jy graag wil lees?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 4 (bl. 42-58)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Hoe sou jy reageer indien ’n kat skielik met jou praat? **Bespreek in die klaskamer**.
2. Wat is die verskil tussen ’n tuin en ’n daktuin?
3. Dink jy Timo tree verkeerd op deur ’n leer op ’n balkon te plaas en na die daktuin op die vyftigste verdieping te kyk?

### OPSOMMING



Skote Petoors bel die **Geheime Agent** en deel sy leidraad deur Fantus met Felina. Felina bevestig aan Skote Petoors dat dit die tweeling is. Timo se ma vra hom of hy nie verveeld is om heeldag so alleen by die huis rond te sit nie. Sy belowe dat hulle aan die einde van die jaar lekker vakansie sal gaan hou. Hy vertel vir sy ma van sy beste vriend, Nick, wat vakansie by die see hou. Hy vertel vir sy ma dat hy die vorige dag by sy ouma gekuier het. Hy besluit nog wat om vandag te doen. Hy weet egter dat hy wil gaan kyk wie of wat op die vyftigste verdieping van die woonstelblok woon. Hy gebruik ’n leer om van ’n balkon tot op die daktuin te kyk. Later bel hy vir Nick en Nick sê dat hy nie sy vakansie by die see geniet nie. Felina volg haar instink en gewaar die tweeling by die mynhope aan die buitewyke van die stad. Sy verander haarself terug na ’n kat en die tweeling dink dat sy baie oulik is. Sy gebruik haar DIGITRIX om hulle gesprek op te neem. So hoor sy die woorde wat die loodregte sandwal laat oopskuif. Die sandwal is eintlik ’n deur wat lyk asof dit deel van die sandwal is. Malia en Dahlia praat oor iemand genaamd Misti en ’n professor. Felina vlieg terug na die woonstelgebou en sien vir Timo. Sy nooi hom na die vyftigste verdieping toe.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **skrams** | **43** | |
| **handlangers** | **44** | |
| **aktetas** | **45** | |
| **buitewyke** | **50** | |
| **duin** | **50** | |
| **halsband** | **52** | |
| **skarrel** | **52** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| **bordspeletjies** | | |
| **bevestig** | | |
| **professor** | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## KONTEKSTUELE VRAE

4.1. Gee ’n volledige beskrywing van die vrou wat mevrou Mandla en haar lyfwag aangeval het.

4.2. Bestudeer die skets op bl. 43. Waarom het Fantus ’n antenna op sy kop?

4.3. Waarom hou die polisie die land se grense dop?

4.4. Waarom is dit so belangrik dat Skote Petoors die saak so gou as moontlik oplos en die skelm vang?

4.5. Verduidelik hoekom Timo se beste vriend nie tydens die vakansie by hom kan kom kuier nie.

4.6. Wie, vermoed Timo, woon op die vyftigste verdieping van die woonstelgebou?

4.7. Gee <u>twee redes</u> waarom Nick nie sy vakansie by die see geniet nie.

4.8. Wie sien Felina toe sy oor die stad se mynhope vlieg?

4.9. Waarvoor gebruik Felina die DIGITRIX?

4.10. Waarom sê Dahlia die woorde “Porta! Porta! Apri!” (bl. 54) voor die loodregte sandwal?

4.11. Felina is ’n baie slim kat. Watter belangrike opdrag gee sy vir Timo terwyl hy op die leer staan?

4.12. Wat beteken dit wanneer mense “nader kennis maak”? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Hoe sal jy 'n **loodregte sandwal** aan iemand beskryf?

2. Watter **tipe werk** doen 'n professor?





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 5 (bl. 59-76)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Is dit belangrik dat kinders altyd vir hulle ouers sê waarheen hulle gaan wanneer hulle die huis verlaat? **Bespreek in die klaskamer**.
2. Is die leerders bang vir katte? **Bespreek in die klaskamer**.
3. Wie hou meer van honde as van katte? **Waarom**?

### OPSOMMING

Timo gaan staan voor die woonstel op die vyftigste verdieping se deur. Hy weet dat sy pa en ma kwaad sal wees indien hulle uitvind wat hy doen. Felina verwelkom Timo in haar woonstel. Sy sê vir Timo dat sy van nuuskierige kinders hou en toe vertel sy vir Timo hoe dit gebeur het dat sy spesiale gawes by die **Kattefee** gekry het. Die Kattefee het reeds jare terug vir haar vertel van Timo en dat hulle as 'n span gaan werk om kriminele te vang. Later stel sy hom aan Fantus voor. Fantus is eers agterdogtig toe hy 'n mens in hulle woonstel sien. Felina stel hom gerus en sê vir hom dat Timo saam met hulle gaan werk om die misdaad op te los. Timo stem in om **Henri se juwelierswinkel** vanaf sy ouma se modewinkel dop te hou. Hy moet egter eers vir Felina of speurder Skote Petoors laat weet indien hy iets of iemand sien wat met die misdaad verband hou. Later groet Timo vir Felina en Fantus aangesien sy ma binnekort terug by die huis sal wees.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **rys** | **59** | |
| **welig** | **60** | |
| **verbaas** | **63** | |
| **kristalle** | **63** | |
| **gawes** | **65** | |
| **vasgenael** | **65** | |
| **hardeskyf** | **69** | |
| **sagteware** | **69** | |
| **borskas** | **70** | |
| **onthaal** | **70** | |
| **magma** | **72** | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

| ADDISIONELE WOORDBANK | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## KONTEKSTUELE VRAE

5.1. Wat bedoel Timo wanneer hy opmerk dat "sy pa en ma se hare gaan rys"?

5.2. Waarom noem Felina vir Timo "Timotheus"?

5.3. Verduidelik waarom kinders nie vreemde mense se huise of woonstelle moet binnegaan nie.

5.4. Is Felina die tipe kat wat gewone muise en rotte vang? Gee ’n rede vir jou antwoord.

5.5. Beskryf die Kattefee se voorkoms.

5.6. Hoekom het Felina vir Timo haar geheim verduidelik?

5.7. Watter bekende strokiesprentkarakter boots Timo gereeld na wanneer hy opgewonde is?

5.8.1. Hoekom is dit belangrik om iemand se geheim te bewaar?
5.8.2. Is daar sommige geheime wat jy nie hoef te bewaar nie? Gee ’n voorbeeld.

5.9. In watter **taal** groet mense mekaar deur "Bonjour" (bl. 71) te sê?

5.10. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Daar is verskillende kleure diamante wat slegs in wit, bruin, groen, rooi en blou voorkom.

5.11. Hoe kan mense blou diamente vind indien dit in die diepste laag van die aarde se mantel gevorm word?

5.12. Waarom sê Felina vir Timo om haar of speurder Skote te kontak indien hy iets by die juwelierswinkel sien?

5.13. Dink jy Timo is ’n betroubare persoon? Waarom sê jy so? **Bespreek in die klaskamer**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Gee ’n <u>sinoniem</u> vir die woord “katvoet” op bl. 60.
2. **Navorsing**: Waarom was die antieke Egiptenare so lief vir katte?
3. Waarom, dink jy, hou sommige mense nie van katte nie? **Bespreek in die klaskamer**.








Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

# KREATIEWE AKTIWITEIT: DIE OLIFANTROBOT

Die uitgewer, Human & Rousseau, het ’n kompetisie aangekondig. Hulle is op soek na ’n nuwe voorkoms vir Fantus, die olifantrobot.

Jou skool gaan ook aan die kompetsie deelneem. **Teken ’n skets met byskrifte** waarin jy jou unieke Fantus uiteensit. Skryf **kort beskrywings** by al die spesiale idees en funksies van jou olifantrobot.

**NAAM:** ________________________________________ **GRAAD:** _______________



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 6 (bl. 77-95)

## PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Bespreek die voordele van vermomming. Waarom sal mense hulself wil vermom?
2. Moet kinders op negejarige ouderdom toegelaat word om selfone te gebruik? **Bespreek in die klaskamer**.

## OPSOMMING

Timo weet hy moet vir speurder Skote Petoors waarsku oor die moontlikheid dat die diamanthanger dalk ook gesteel kan word. Sy ouers is verras dat hy tydens die skoolvakansie so vroeg opstaan en vir hulle koffie in die bed bring. Timo gaan Henri se juwelierswinkel vanaf sy ouma se winkel dophou. Hy maak egter asof hy na die winkel gaan om sy ouma se Tarzanboeke te lees. Later gewaar Timo ’n **klein sportmotor** wat voor die juwelierswinkel stop. ’n Mooi meisie klim uit en hy is oortuig dat sy bekend lyk. Hy gryp sy ouma se selfoon en neem ’n video van al die gebeure. Later is daar ’n meisie wat met ’n **motorfiets verongeluk**. Almal hardloop na haar om te kyk of sy enige beserings het. Intussen steel die meisie met die rooi hare die hanger en verdwyn in ’n stegie agter die gebou. Die meisie op die motorfiets het geen beserings nie en jaag weg op die motorfiets. Henri besef die rooikop het die blou diamanthanger gesteel. Gelukkig het Timo al die gebeure op video opgeneem. Felina het alles dopgehou en vlieg al agter die meisies aan om te sien waar hulle wegkruip. Die twee meisies verdwyn agter ’n sanddeur by die mynhope. Felina vlieg terug na haar woonstel. Nou weet sy waar die skelms wegkruip.

## GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| verbaas | 77 | |
| verlof | 80 | |
| gaaf | 81 | |
| deftig | 83 | |
| swierige | 83 | |
| welige | 83 | |
| valhelm | 85 | |
| flous | 88 | |
| ekstaties | 91 | |
| beledigings | 94 | |
| afknou | 95 | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| ADDISIONELE WOORDBANK | | |
|---|---|---|
| **stegie** | | |
| **besering** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## KONTEKSTUELE VRAE

6.1. Wat beteken die gesegde “gaan die herrie los wees”? (bl. 77)

6.2. Watter verduideliking gee Timo vir sy ma waarom hy weer die dag by sy ouma se modewinkel gaan deurbring?

6.3. Verduidelik wat dit beteken wanneer iemand op ’n plek gaan “toeslaan” (bl. 79).

6.4. Hoekom wil Timo nie van sy ouma se sjokoladekoek eet nie?

6.5. Wat beteken dit as jy iets “kamma” doen (bl. 82)? Verduidelik.

6.6. Waarom neem Timo ’n video van die meisie met die welige bos rooi hare?

6.7. Watter slim plan het die twee meisies uitgedink sodat hulle die waardevolle hanger kan steel? Verduidelik hulle plan deur dit as ’n lysie neer te skryf.

6.8. Wat beteken dit dat die meisie “skoonveld” (bl. 86) is?

6.9. Wat is die twee meisies se name?

6.10. Watter van die volgende woorde is ’n sinoniem vir “misdadiger”? Kies slegs die korrekte antwoord deur die **korrekte letter** neer te skryf.

A: skelm
B: boef
C: krimineel
D: al die bogenoemde woorde

6.11. Verduidelik waarom Skote Petoors kwaad is vir die kolonel.

6.12. Wat is volgens Timo ’n belangrike eienskap van ’n goeie speurder?

6.13. Dink jy dit was reg dat die kolonel met Skote Petoors geraas het oor die diefstal? **Gee ’n rede vir jou antwoord**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Soek ’n **Tarzanboek of strokiesprent**. Vra by jou plaaslike biblioteek of die skoolbiblioteek of hulle van die boeke het. Dan kan jy ook, net soos Timo, die boeke lees.

2. **Nooi ’n speurder van die plaaslike polisiekantoor** om met die leerders oor sy of haar werk te kom gesels.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## PRE-LEES AKTIWITEIT

1. **Bespreek** waarom myne sommige mynskagte sluit.

2. Wat is **karate**? Neem enige iemand in die klas karate as sport?

## OPSOMMING

Felina spreek die geheime wagwoord hardop uit en die sanddeure gaan oop. Daar is egter nie ’n hysbak waarmee sy tot onder kan ry nie. Sy moet haar tegnieke as kat inspan om tot onder in die verlate mynskag in die grot te kom. Onder in die grot sien sy hoe Malia en Dahlia karate oefen. Sy sien ’n man wat as Professor Zymkovski aangespreek word. Die naam klink egter amper soos “Boggerofski” na wie Interpol al meer as tien jaar op soek is. Felina luister na Professor Zymkovski se gesprek met Malia en Dahlia en besluit dat sy haar plan so gou as moontlik in werking moet stel sodat Skote Petoors die skelms kan vang. Sy skuif ’n MIKROTRIX onder die kluis in sodat Fantus alles kan dophou wat in die grot gebeur. Daar is egter nog een los draad in die plan.

## GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **halsband** | **96** | |
| **hysbak** | **97** | |
| **plafon** | **100** | |
| **solar plexus** | **101** | |
| **buit** | **103** | |
| **behaaglik** | **103** | |
| **kabbel** | **105** | |
| **swape** | **106** | |
| **vermom** | **108** | |
| **kluis** | **109** | |
| **hologram** | **109** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KONTEKSTUELE VRAE

7.1. Wat is die **wagwoord** om die sanddeur oop te maak?

7.2. Hoe is dit moontlik dat Felina sonder ’n hysbak tot onder in die ou goudmyn kan kom? Verduidelik.

7.3. Waarom moet Felina seker maak dat daar ’n sein onder in die grot is?

7.4. In watter sportsoort is Malia en Dahlia baie goed?

7.5. Beskryf die man wat by die lessenaar sit se voorkoms.

7.6. Wat is ’n sinoniem vir “vonkelwyn” (bl. 104)?

7.7. Hoe lank gelede het die skelms mevrou Fancy Mandla se ring gesteel?

7.8. Wat beteken dit wanneer ’n misdadiger as ’n “gesoute misdadiger” (bl. 108) beskryf word?

7.9. Waarvoor kan ’n “MIKROTRIX” gebruik word?

7.10. Verduidelik waarom Felina se snorbaard begin bewe? Is sy bang?

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Wat is “Interpol” waarna Felina verwys op **bl. 105**? (**Navorsing**)
2. Wat sou jy gedoen het om die skelms te vang indien jy Felina was? **Bespreek in die klaskamer**.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 8 (bl. 111-118)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Watter tipe diere kan as **troeteldiere** aangehou word?

2. Het jy ’n troeteldier? Watter tipe troeteldier is dit en wat is sy of haar naam?

### OPSOMMING



Felina wag onder die leunstoel in die juweelkamer. Sy wil sien wat die kluis se kode is. Sy gebruik die DIGITRIX om die kode te memoriseer. Professor Zymkovski gaan sit agter sy lessenaar en sê vir Malia en Dahlia om sy witrot, **Misti**, te bring sodat hy haar ontbyt vir haar kan voer. Misti begin egter skree wanneer sy Felina se teenwoordigheid aanvoel en Malia en Dahlia begin die grot en skag deursoek om te kyk of daar iemand is. Gelukkig sien hulle nie vir Felina nie en Felina slaag daarin om te ontsnap. Felina besluit dat hulle die volgende dag die skelms gaan vang.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **kolskoot** | **112** | |
| **gulsig** | **112** | |
| **onverwags** | **118** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

### KONTEKSTUELE VRAE

8.1. Wat is Felina se laaste taak voor sy weer na die oppervlak kan gaan?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.2. Watter tipe troeteldier het Professor Zymkovski?

8.3. Verduidelik waarom Misti vreemde geluide geskree het.

8.4. Dink jy Misti was bang? Gee ’n rede vir jou antwoord.

8.5. Waarheen beplan Professor Zymkovski, Malia en Dahlia om te gaan woon nadat hulle die land verlaat het?

8.6. Wie se stem het Felina opgeneem wat sy gebruik om die geheime kode op die DIGITRIX te speel?

8.7. Wat, dink jy, bedoel Felina wanneer sy sê: “Môre is D-dag”?

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Dink jy Felina, Skote Petoors, Timo en Fantus gaan daarin slaag om die skelms te vang? **Bespreek in die klaskamer**.

2. Wat is jou mening rondom die aanhou van rotte of muise as troeteldiere? **Bespreek in die klaskamer**.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 9 (bl. 119-134)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. **Sirkusse**: Wat is jou opinie oor 'n sirkus? Moet ons toelaat dat wilde diere in sirkusvertonings mag deelneem? **Bespreek in die klas**.

2. Met watter plan sou jy vorendag kom om die drie skelms uit die goudmyn te lok?

### OPSOMMING

Timo sit voor sy sitkamervenster en speel alleenskaak. Hy sien die swart arend (Felina) wat na haar woonstel toe vlieg. Felina bel hom en sê dat hy dadelik na haar woonstel toe moet kom. Felina vra vir Fantus om Skote Petoors te bel. Sy vertel vir hom wat sy in die goudmyn gesien het en wat haar plan is om die drie skurke te vang. Skote Petoors gaan praat met die Kolonel en versoek die nodige hulp wat hy gaan benodig om die volgende dag die skurke by die goudmyn te vang. Timo vind ook uit dat hy die volgende dag vir die eerste keer saam met Felina gaan vlieg. Hy is baie opgewonde en sien uit na die volgende dag se gebeure.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **trawante** | **122** | |
| **genugtig** | **122** | |
| **oorgehaal** | **125** | |
| **skerpskutters** | **127** | |
| **skuil** | **127** | |
| **skepties** | **127** | |
| **akkoord** | **128** | |
| **vernuf** | **128** | |
| **vertoning** | **132** | |
| **stiptelik** | **133** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| **taakmag** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## KONTEKSTUELE VRAE

9.1. Waarmee is Timo doenig toe hy die swart arend aangevlieg sien kom?

9.2. Waarom antwoord hy nie die Zeito wanneer Nick hom bel nie?

9.3. Waarom word daar na Professor Zymkovski as die "baasbrein" verwys?

9.4. Verduidelik waarom Felina vir Skote Petoors sê dat vier van sy beste lede meesters moet wees in een of ander gevegskuns.

9.5. Skryf die instruksies neer hoe Skote Petoors en sy taakmag die myn kan vind.

9.6. Watter tegniek gaan Felina gebruik om die skelms uit die goudmyn te jaag?

9.7. Hoe gaan Fantus die drie skelms laat skrik?

9.8. Wat gaan Timo die volgende dag doen waarna hy al lank uitsien?

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Indien jy oor enige magiese krag kon beskik, wat sou dit wees? (Byvoorbeeld: Sou jy wou vlieg, jouself onsigbaar maak, mense se gedagtes lees, of blitsvinnig kon hardloop?) **Bespreek in die klaskamer**.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 10 (bl. 135-147)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Waarom is dit belangrik om goed te beplan indien ’n persoon ’n taak suksesvol wil uitvoer?
2. Dink jy Felina se plan gaan werk om die professor en die tweeling te vang? **Bespreek in die klaskamer**.

### OPSOMMING

Skote Petoors en sy span is al vroegoggend gereed om die skelms te gaan vang. Felina verander Timo in ’n swart arend. Saam vlieg hulle na die sandhope by die myne. Vanuit die lug kan Timo alles waarneem wat op die grond gebeur. Wanneer Felina vir Fantus opdrag gee om die skelms deur middel van die **hologram skrik te maak**, maak hy sy verskyning. Almal slaan op vlug. Malia en Dahlia neem die hysbak tot op grondvlak waarna hulle met die polisie in ’n geveg betrokke raak. Na ’n ruk word eers Dahlia gevolg deur Malia gearresteer. Almal wonder egter waar die professor is. Wanneer die professor ook na bo kom, vind hulle uit dat dit nie die professor is nie, maar ’n **pop wat soos ’n hanswors lyk**. Die professor het gevlug.



### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **duine** | **135** | |
| **sweef** | **136** | |
| **nael (werkwoord)** | **139** | |
| **slawe** | **140** | |
| **steier** | **140** | |
| **naelloper** | **144** | |
| **hanswors** | **147** | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

| ADDISIONELE WOORDBANK | | |
|---|---|---|
| **waarneem** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## KONTEKSTUELE VRAE

10.1. Wat doen Felina sodat Timo ook in ’n arend kan verander om na die goudmyn te kan vlieg?

10.2. Waarom, dink jy, het Skote Petoors en sy span kamoefleerdrag aan?

10.3. Wat beteken dit indien almal “slaggereed” is (bl. 138)?

10.4. Watter leuen vertel Malia en Dahlia vir die polisie wanneer hulle by die sanddeur uitkom?

10.5. Wie het vir Dahlia gevang en geboei?

10.6. Watter nuwe feit omtrent Skote Petoors leer die leser in die hoofstuk?

10.7. Waarvoor is **Elsa Wolff** bekend?

10.8. Hoe het professor Zymkovski daarin geslaag om te ontsnap?

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Dink jy dit is belangrik dat kinders ’n sport soos karate beoefen om hulself te kan verdedig? **Bespreek in die klaskamer**.
2. Indien jy enige van die karakters kon wees, wie sou jy wou wees en waarom? **Bespreek in die klaskamer**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 11 (bl. 148-155)

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Hoe sou jy gevoel het indien jy Skote Petoors was en jy vang ’n pop wat soos ’n hanswors lyk in plaas van die professor?
2. Hoe, dink jy, kon die professor moontlik uit die grot ontsnap? **Bespreek in die klaskamer**.

### OPSOMMING

Skote is baie teleurgesteld dat professor Zymkovski ontsnap het. Hy het gehoop om al drie die skelms te vang. Felina en Timo sweef egter hoog in die lug en sien hoe die professor met ’n **helikopter van die toneel af vlug**. Hy het heel waarskynlik van ’n ander geheime uitgang gebruik gemaak. Felina en Timo vlieg agter die helikopter aan. Wanneer hulle die **Tau-wildtuin** bereik, gebruik Felina haar son-oog om die helikopter se enjin te beskadig. Die helikopter tuimel aarde toe en die professor val in die takke van ’n maroelaboom. Hy kan egter nie weghardloop nie aangesien ’n kwaai leeu onder die takke vir hom staan en brul. Felina laat weet vir Skote Petoors dat hulle die professor gevang het. Later word die professor met die polisiehelikopter kom haal. Felina en Timo vlieg terug Jozi toe. Terug by Felina se woonstel verander sy Timo weer terug na ’n seun toe. Felina en Timo se plan het gewerk.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **staak** | **149** | |
| **maroelaboom** | **149** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| **tuimel** | | |
| **dapper** | | |
| | | |
| | | |
| | | |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KONTEKSTUELE VRAE

11.1. Wat beteken dit indien ’n persoon se hart in sy skoene sak? Verduidelik.

11.2. Hoe het die professor by die klein helikopter uitgekom?

11.3. Waar het die professor se helikopter gevlieg toe Felina die helikopter se enjin met haar energie uit haar son-oog beskadig?

11.4. Watter skokkende ontdekking maak hulle toe die professor in die maroelaboom geval het?

11.5. Waarom klou die professor so styf aan die maroelaboom vas?

11.6. Wat sou heel waarskynlik gebeur het indien Felina en Timo nie die professor agtervolg het nie?

11.7. Hoe verander Timo weer terug na ’n seun nadat hy gevlieg het?

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Is dit belangrik vir jong lesers om hulle verbeelding te kan gebruik wanneer hulle ’n verhaal soos *Felina Kat* lees? **Bespreek in die klaskamer**.

2. Waarom kan Timo as ’n dapper persoon beskou word?





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## EPILOOG

### PRE-LEES AKTIWITEIT

1. Wat is die doel van ’n **epiloog** in ’n jeugroman (**storie**)?

2. Wat, dink jy, gaan met Skote Petoors gebeur nadat hy die skelms gevang het?

### OPSOMMING

Die stadion is volgepak en daar is belangrike gaste op die verhoog. **Speurder Jakobus Pretorius** is in sy volle uniform geklee en ontvang ’n toekenning wat mevrou Mandla aan sy lapel vassteek. Hy ontvang die medalje vir sy goeie speurwerk omdat hy die diewe gevang het en ook omdat hy mevrou Mandla se duur diamantring teruggekry het. Almal is baie bly vir Skote Petoors en vra hom om ’n toespraak te maak. Sy toespraak is baie kort omdat hy nie daarvan hou om toesprake te maak nie. Later sien Timo ’n swart kat wat oorkant op die dak van die stadion sit. Hy besef dit is Felina en waai vir haar. Sy lig haar poot en waai vir hom terug.

### GLOSSARIUM

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **podium** | **156** | |
| **roffel** | **156** | |
| **salueer** | **156** | |
| **marsjeer** | **156** | |
| **lapel** | **158** | |
| **ADDISIONELE WOORDBANK** | | |
| **uitrusting** | | |
| **bybehore** | | |
| | | |
| | | |
| | | |

### KONTEKSTUELE VRAE

a) Watter drie belangrike persone het op die podium gesit?

b) Wat is opvallend omtrent mevrou Mandla se uitrusting en bybehore?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

c) Waarvoor ontvang speurder Jakobus Pretorius 'n toekenning?

d) Dink jy Skote Petoors is 'n goeie openbare spreker? Gee 'n rede vir jou antwoord.

e) Wie was veral baie trots op Skote Petoors? <u>Gee 'n rede vir jou antwoord</u>.

## POST-LEES (VERRYKING)

1. Dink jy persone soos die polisie, verpleegsters, dokters, lewensredders of lede van die brandweer moet beloon of vereer word indien hulle 'n heldedaad verrig? **Bespreek in die klaskamer**.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## VOORGESTELDE ANTWOORDE: KONTEKSTUELE VRAE (POST-LEES)

### HOOFSTUK 1

1.1. Felina is ’n geheime agent. Sy het spesiale magte. Haar regteroog is groen en haar linkeroog is geel soos die son. Sy doen speurwerk om misdaad op te los.

1.2. **ONWAAR**. Haar regteroog is groen en haar linkeroog is geel.

1.3. Felina is van mening dat mense gierig is.

1.4. ’n Speurder moet misdaad ondersoek en die skuldige persone vastrek.

1.5. **Leerder se eie antwoord**.

1.6. ’n Mens noem iemand net Skote Petoors indien iemand blink is. Sy glo hy is blink en gaan eendag die wêreld se beste speurder word.

1.7. President Mandla

1.8. **Leerder se eie antwoord**. (Beskerming)

1.9. Sy het naar geword en toilet toe gegaan.
In die toilet het iemand ’n sak met ’n verdowingsmiddel oor haar kop getrek.
Sy het bedwelmd op die grond neergesak en haar ring is gesteel.

1.10. Klein seuntjie

1.11. Sy het ’n olifantrobot, Fantus, wat haar telefoonoproepe beantwoord.

1.12. Die president is baie ongelukkig dat die polisie nog nie sy vrou se ring opgespoor het nie en die kolonel is baie kwaad vir Skote Petoors.

1.13. ’n Bier bevat alkohol terwyl gemmerbier nie alkohol bevat nie.

1.14. **Leerder se eie antwoord**. Leerder moet ’n rede gee vir sy of haar antwoord.

1.15. Timo gaan hulle help.

1.16. **ONWAAR**. Die winkel se naam is Annabella.

1.17. Covid-19 (**Leerder se eie antwoord**.) Leerder moet ’n rede gee.

### HOOFSTUK 2

2.1. Felina vra vir Fantus om die sekuriteitskameras se video-opname van die aand te speel.

2.2. Fantus lig sy slurp op en flap sy ore een keer.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.3. Die twee meisies is mooi, slank met swart hare wat in netjiese bollas bo-op hulle koppe saamgevat is. Hulle lyk soos ’n tweeling.

2.4. ’n Voorgereg word bedien voor die hoofgereg bedien word. Die voorgereg bestaan uit minder kos as die hoofgereg.

2.5. Sy het naar geword.

2.6. **Leerder se eie antwoord**. <u>Leerder moet ’n geldige rede gee</u>.

2.7. Die leier van ’n land moet teen moontlike gevaarlike persone beskerm word.

2.8. Die mens skiet olifante vir hulle ivoor. Alhoewel hy ’n robot is, is hy baie intelligent.

2.9.1. Fancy Mandla se bordjie lyk anders met ’n kartelrandjie.
2.9.2. Die tweelingmeisies het die bordjie voor haar neergesit. Hulle weet dus waar om te begin soek aangesien hulle vir mevrou Mandla ’n ander bordjie gegee het. (Die voorgereg was heel moontlik vergiftig sodat mevrou Mandla siek moes word.)

2.10. Die persoon het verdwyn.

2.11. **ONWAAR**. Hulle het ’n maand voor die onthaal by Tasty Tops begin werk.

2.12. Sy verander in ’n swart arend.

2.13. Johannesburg

2.14. Daar is baie goudmyne in Johannesburg.

## HOOFSTUK 3

3.1. Timo wonder wie in die woonstel op die boonste vloer woon.

3.2. Die groot swart voël vlieg direk na die woonstelblok waarin hy woon.

3.3. Zeito is ’n polshorlosie waarmee geselekteerde persone gebel kan word. Dit wys ook die spoed en afstand wat hy hardloop.

3.4. **Leerder se eie antwoord**.

3.5. Sy ouers glo dat die digitale strale en flitse ’n mens se brein stadiger maak.

3.6. Sy ma is ’n modejoernalis en sy pa is ’n sakeman.

3.7. Ja, hy lees graag sy ouma se Tarzanboeke.

3.8. Hy gaan in sy ouma se winkel wegkruip en die gesprek afluister wanneer mevrou Mandla weer inkopies kom doen.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

3.9. **Leerder se eie antwoord** asook ’n geldige rede.

3.10. Sy vergelyk die skelm met ’n kat.

3.11. Die skelm het ’n sak oor haar kop getrek. (Die sak het ’n verdowingsmiddel daarin gehad.)

3.12. Hy wil weet wie daar woon omdat dit altyd so stil is in die woonstel.

**HOOFSTUK 4**

4.1. Die vrou is lank en skraal met ’n bolla op haar kop.

4.2. Hy is ’n robot wat seine moet kan opvang.

4.3. Hulle is bang dat die skelms oor die grens sal vlug.

4.4. Die president is ongelukkig omdat dit so lank vat om die saak op te los en plaas dus via die kolonel druk op Skote Petoors om die saak op te los.
4.4.

4.5. Sy vriend hou vakansie by die see.

4.6. Hy vermoed die skelms woon dalk daar.

4.7. Nick moet met sy sussie speel en die weer is onaangenaam.

4.8. Sy sien die tweeling.

4.9. Die DIGITRIX kan video’s opneem.

4.10. Dit is die geheime woord (wagwoord) om die deur oop te maak.

4.11. Felina sê vir Timo dat hy versigtig moet wees omdat dit gevaarlik is om met ’n leer op ’n balkon te staan. Die gebou is baie hoog en hy kan maklik val.

4.12. Die mense leer mekaar ken.

**HOOFSTUK 5**

5.1. Sy pa en ma gaan baie kwaad word omdat hy na ’n vreemdeling se wonstel gaan.

5.2. Dit is sy geboortenaam.

5.3. Dit kan gevaarlik wees omdat die persoon jou kan ontvoer of molesteer.

5.4. Nee, sy vang net skelms wat as “muise” en “rotte” beskryf word.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

5.5. Sy is blougrys van kleur met groot, deurskynende blou vlerke en blou oë. Rondom haar twee spitsore is daar kristalle wat glinster soos diamante. Sy het ’n sagte, lang stert wat altyd heen en weer beweeg.

5.6. Die Kattefee het vir haar vertel dat niemand van haar magte mag weet nie behalwe ’n kind genaamd Timotheus Falk.

5.7. Hy boots vir Tarzan na.

5.8.1. **Leerder se eie antwoord**.
5.8.2. **Leerder se eie antwoord** <u>asook ’n geldige rede</u>.

5.9. Frans

5.10. **ONWAAR**

5.11. Die diamante word deur die kokende lawa van ’n vulkaan na die oppervlak gestoot.

5.12. Felina wil nie hê dat Timo sy lewe in gevaar moet stel nie aangesien hy nog ’n jong seun is.

5.13. **Leerder se eie antwoord. Bespreek in die klaskamer.**

## HOOFSTUK 6

6.1. Dit beteken daar gaan moeilikheid wees.

6.2. Timo sê vir sy ma dat hy sy ouma se Tarzan-boeke gaan lees.

6.3. Die persoon gaan onverwags daar opdaag. In die geval gaan ’n misdaad gepleeg word.

6.4. Timo het reeds ontbyt geëet.

6.5. Jy gee voor of maak asof jy iets doen. Jy doen dit nie regtig nie.

6.6. Die meisie lyk bekend en Timo besluit om ’n video-opname te maak.

6.7. Die een meisie gaan haarself vermom en maak asof sy die hanger wil aanpas. Die ander meisie gaan dan maak asof sy in ’n motorfietsongeluk beseer is. Terwyl almal se aandag op haar gevestig is, sal die meisie in die winkel die hanger steel en wegloop.

6.8. Sy het verdwyn. Hulle sien haar nêrens nie.

6.9. Malia en Dahlia

6.10. **D** (al die bogenoemde woorde)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

6.11. Die kolonel wou nie vir hom ekstra manne gee om hom te help nie.

6.12. ’n Goeie speurder moet sy mond hou, maar sy oë en ore moet oop wees.

6.13. **Leerder se eie antwoord** asook ’n geldige rede.

**HOOFSTUK 7**

7.1. “Porta! Porta! Apri!”

7.2. Felina is ’n kat. Katte is rats. Sy spring van een dwarsbalk na die ander om tot onder in die grot te kom.

7.3. Sy moet met Fantus in kontak bly.

7.4. Hulle is baie goed in karate.

7.5. Hy het blonde hare wat laag in sy nek krul.

7.6. Sjampanje

7.7. Dit is amper sewe maande sedert haar ring gesteel is.

7.8. Die tipe misdadiger weet wat hy of sy doen. Hy of sy is al lank ’n misdadiger.

7.9. ’n Mikrotrix is ’n skyfie wat alles kan sien en hoor.

7.10. Wanneer Felina se plan van aksie vorm aanneem, bewe haar snorbaard van opwinding.

**HOOFSTUK 8**

8.1. Felina moet die kode van die kluis kry.

8.2. Hy het ’n witrot genaamd Misti.

8.3. Misti kon Felina se teenwoordigheid in die vertrek aanvoel. Rotte is bang vir katte.

8.4. **Leerder se eie antwoord** asook ’n geldige rede.

8.5. Hulle beplan om op ’n eiland te gaan woon.

8.6. Felina het Dahlia se stem opgeneem.

8.7. **Leerder se eie antwoord**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 9**

9.1. Timo sit voor die sitkamervenster en speel alleenskaak.

9.2. Hy wag vir Felina se oproep. / Hy wag vir Felina om hom te bel.

9.3. Hy is die persoon wat die hele misdaad uitgedink en beplan het.

9.4. Felina weet dat Malia en Dahlia goed is in gevegskuns en dit is dus belangrik dat daar polisielede is wat teen hulle kan veg.

9.5. Volg roete 106 suidwaarts tot by die laaste stop.
Ry drie kilometer oor die sand en draai reguit suid tot by die grootste mynhoop.
(Die een met die gras op en die loodregte wal.)

9.6. Sy gaan ’n hologramtegniek gebruik.

9.7. Fantus moet sy kop swaai en sy ore woes flap sodat dit soos rewolwerskote eggo. Hy gaan ook swart rook by sy slurp uitblaas, sy ore flap en sy voete stamp.

9.8. Hy gaan uiteindelik vlieg. (**Soos ’n arend**.)

**HOOFSTUK 10**

10.1. Felina sê vir Timo om in haar son-oog te kyk en te konsentreer. Sy knip haar son-oog vinnig drie keer en goue energie-gelaaide strale skiet uit en omring Timo en Felina. Timo voel ’n tinteling deur sy lyf spoel.

10.2. **Leerder se eie antwoord**.

10.3. Almal is gereed en voorbereid om dadelik op te tree.

10.4. Hulle vertel vir die polisie dat hulle die professor se slawe was.

10.5. Skote Petoors

10.6. Skote Petoors was ’n stoeikampioen op skool.

10.7. Elsa Wolff is bekend as wêreldkampioennaelloper.

10.8. Hy het by ’n geheime uitgang ontsnap en met ’n helikopter weggevlieg.

**HOOFSTUK 11**

11.1. Dit dui daarop dat die persoon moedeloos voel.

11.2. Hy het die grot by ’n geheime uitgang verlaat.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

11.3. Tau-wildtuin

11.4. Sy pruik het afgeval en hulle vind uit dat dit professor Boggerofski is waarna die hele wêreld al vir meer as tien jaar op soek is.

11.5. Daar sit ’n brullende leeu onder die boom.

11.6. Hy sou ontsnap het.

11.7. Felina kyk in Timo se oë en knip vinnig drie keer haar aarde-oog. Groen energie bruis om hulle en slaan in vonke uit. Hulle voel ’n tinteling deur hulle are.

**EPILOOG**

a) President Mandla, mevrou Fancy Mandla en die kolonel.

b) Sy dra haar blou diamantring wat by haar blou rok pas.

c) Hy ontvang ’n toekenning vir <u>voortreflike speurwerk</u>.

d) **Leerder se eie antwoord**. (Nee.)

e) Skote Petoors se ma was baie trots op hom. Sy het altyd geweet dat hy ’n goeie speurder sal wees.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Dagboekinskrywing:** Verbeel jouself jy is Timo. Dit is die dag nadat die skelms gevang is. **Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy jou gevoelens oor die afgelope paar dae bespreek**.

2. **Plakkaat**: Ontwerp 'n plakkaat (**A3-grootte**) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters aanbring. Gebruik **sleutelwoorde** om elke karakter se **karaktereienskappe** langs die skets / prent aan te dui.

**VOORBEELD**:

*FELINA KAT – GEHEIME AGENT*

**KARAKTERSKETS**



**FELINA KAT**

- Hoofkarakter
- Jongste van nege katjies
- Sy het spesiale gawes


3. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels. (Dit kan ook via MS Teams of Zoom geskied.)

4. Ontwerp 'n **nuwe voorplat** (voorblad) vir die jeugroman.

5. **Teken 'n skets van mevrou Mandla se blou diamantring**. Gebruik byvoeglike naamwoorde om die ring vir die polisie te beskryf.

6. **Ontwerp jou eie Fantus olifantrobot**. Jy mag slegs **herwinbare materiale** gebruik. Bring jou olifantrobot klas toe en kom <u>wys en vertel</u> vir die klas hoe jou olifantrobot werk.

7. **Voorbereide mondeling**: Waarom is dit belangrik dat kinders goeie vriende moet hê?





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## DIE LITERÊRE NAVORSINGSTAAK

Jaarliks in die **derde kwartaal** moet leerders 'n **literêre navorsingstaak** voltooi. Onderwysers kan die taak opstel deur enige van die volgende literêre genres te gebruik: **poësie (gedigte), prosa (roman of kortverhale), volksverhale of dramatekste**. Sodoende word leerders aan 'n wye verskeidenheid literêre tekste, genres en skrywers blootgestel.

## Wat is die doel van hierdie taak?

Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) stel die volgende doelwitte:

- Leerders moet leer **hoe om navorsing oor 'n spesifieke onderwerp te doen**.
- Leerders moet leer **hoe om 'n bronnelys op te stel**.
- Die taak fokus spesifiek op letterkunde om sodoende 'n **belangstelling in en liefde vir letterkundige tekste by leerders te kweek**.

**Die leerder moet leer hoe om navorsing te doen**. Boonop gaan hy of sy nuwe feite leer en oulike stories, dramatekste en/of gedigte lees.

Die navorsingstaak bestaan uit **drie komponente**:

1. **Navorsing**
2. **Skryfstuk (Leeruitkoms 3)**
3. **Mondelinge aanbieding (Leeruitkoms 1)**

**Elke skool se navorsingstaak sal anders lyk, maar dieselfde leeruitkomste volg**. Dit is 'n **proses** wat gevolg word:

1. Eerstens moet die leerder 'n **spesifieke onderwerp navors** na gelang van 'n literêre teks, die skrywer van 'n literêre teks of 'n tema wat in die literêre teks voorkom. (Byvoorbeeld: *Felina Kat – Geheime Agent* deur Louise Smit)

2. Die **skryfstuk** (Leeruitkoms 3) word ingespan deur die **skryf van 'n transaksionele teks** soos 'n vriendskaplike brief, dialoog, dagboekinskrywing, gedig of e-pos waarin die leerder die **navorsing wat in die eerste deel van die taak gedoen is, moet betrek**.

3. Ten slotte gaan die leerder 'n **mondelinge opdrag voltooi** waarin hy of sy **verslag lewer oor die navorsing wat gedoen is**. Dit is dus een groot projek wat uit **drie komponente bestaan**. Al drie komponente sluit by mekaar aan om sodoende die navorsingsprojek te vorm.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers

## VIR DIE LEERDER:
## Ek weet nie hoe om navorsing te doen nie.

**<u>Waar moet ek begin</u>?**

1. Maak seker jy verstaan presies wat die **onderwerp** is wat jy moet navors. (Indien jy onseker is, **vra jou onderwyser om die opdrag weer te verduidelik**.)

2. **Soek geskikte tekste** (bronne). Jy kan die internet raadpleeg of die bibliotekaris vra om jou te help. **Vermy Wikipedia**. Die inligting is nie altyd korrek nie. Gebruik betroubare bronne soos byvoorbeeld *LitNet* se skrywersprofiele of gedrukte bronne (boeke) wat jy by die biblioteek kan uitneem.

3. Sodra jy die inligting versamel het, moet jy dit aandagtig **deurlees**. **Soek die feite of inligting** wat op die onderwerp (tema) van jou navorsingstaak van toepassing is.

4. Maak vir jouself 'n **opsomming deur 'n spinnekopdiagram of tabel** te teken en die informasie logies uiteen te sit.

## <u>Voorbeeld</u>:

**Opdrag:**

**Ontwerp 'n plakkaat oor die skrywer van *Felina Kat – Geheime Agent*, Louise Smit. Berei 'n mondeling voor waarin jy die klas meer omtrent die skrywer vertel.**

**STAP 1**:

Navorsing – Soek inligting oor die skrywer, Louise Smit. *(Wenk: Kyk op bl. 162 en 163 in die jeugroman vir 'n foto van die skrywer asook biografiese inligting.)*

**Louise Smit se webblad: <u>http://www.louisesmit.co.za/Biography.html</u>**

**STAP 2**:

Lees die skrywersprofiel en herlees ***Felina Kat – Geheime Agent***.

**STAP 3**:

Identifiseer die <u>belangrikste feite</u> wat jy op die plakkaat wil aanbring asook dit inligting en feite wat jy in jou mondelinge aanbieding met jou klasmaats wil deel.

**STAP 4**:

Ontwerp die plakkaat. Week kreatief. Gebruik verskillende kleure en plak mooi prente op jou plakkaat. Gebruik slegs kernwoorde of kort frases.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers


**STAP 5**:

Skryf en oefen die mondelinge aanbieding. As jy skaam is, oefen jou mondelinge aanbieding voor die spieël.

## Wat is belangrik tydens die aanbieding van die mondeling?

- **Oogkontak** met jou klasmaats.
- **Moenie** jou hele mondeling **voorlees** nie.
- Gebruik **kaartjies met kernwoorde** indien jy bekommerd is dat jy iets gaan vergeet.
- **Staan regop** en **praat hard en duidelik**.
- **Moenie** te **vinnig praat nie**.
- Onthou: ’n Goeie inleiding en slot trek altyd jou gehoor se aandag.

**Hierdie spinnekopdiagram is ’n voorbeeld.**




5. Maak seker jy **dui al jou bronne in die bronnelys aan**. Dit is belangrik sodat jou onderwyser kan sien **waar jy die inligting gekry het** wat jy nagevors het.

6. Idees vir ’n literêre navorsingstaak:

6.1. Kies ’n TEMA wat in die jeugroman voorkom. Laat die leerders navorsing doen oor daardie tema. (**Byvoorbeeld misdaad**).
6.2. Die leerder moet ’n **dagboekinskrywing** skryf. In die dagboekinskrywing moet hy/sy maak asof hy/sy ’n slagoffer van misdaad was. Hy/Sy moet sy/haar ervaring beskryf en ook verwys na die navorsing (feite) en/of die jeugroman.
6.3. Berei ’n **mondelinge aanbieding** voor waarin die leerder die klas bewus maak van misdaad in Suid-Afrika en hoe misdaad in die jeugroman voorkom.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## Waar kry ek geskikte literêre tekste vir navorsing?

Besoek jou plaaslike **biblioteek of die skoolbiblioteek**. Die **internet** is ’n vinnige en maklike manier om inligting vir navorsingsdoeleindes te kry, **maar die plaaslike biblioteek is ’n ideale opsie indien jy nie toegang tot die internet het om navorsing te doen nie**.

Die meeste openbare biblioteke het digbundels, kortverhaalbundels, dramatekste asook jeugromans beskikbaar wat vir die taak gebruik kan word.

## Hoe moet die bronnelys lyk?

**Onthou:**

1. **Die bronnelys word altyd alfabeties volgens die outeur (skrywer) se van gerangskik.**
2. **Indien jy die bronnelys tik, moet die titel gekursiveer word. Indien jy dit skryf, moet jy die titel onderstreep.**

**Raadpleeg die volgende handleiding vir hulp om die verskillende soorte bronne korrek aan te dui:**

**http://www.lib.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/25/resources/Harvard%20UCT%202015.pdf**

## Hier is ’n voorbeeld van ’n bronnelys.

**Bronnelys**

Neser, C. 2020. *Absoluut Einstein*. Kaapstad: Tafelberg.

Opperman, D.J. 1947. *Heilige beeste*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Smit, L. 2022. *Felina Kat – Geheime Agent*. Kaapstad: Human & Rousseau.





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## Hoe moet die bronne in die bronnelys aangedui word?

**Smit, L. 2022. *Felina Kat – Geheime Agent*. Kaapstad: Human & Rousseau.**

1. Die skrywer se van gevolg deur ’n komma.

2. Die skrywer se voorletter gevolg deur ’n punt.

3. Die jaar waarin die boek verskyn (gepubliseer) is gevolg deur ’n punt. (Kyk voor- of agterin die boek – die inligting vind ons op ’n bladsy wat die **kolofon** genoem word.)

4. Die titel van die boek. **Kursiveer die titel** of onderstreep die titel indien jy die Inligting per hand skryf. Onthou om ’n punt aan die einde van die titel te skryf.

5. In watter stad is die uitgewer geleë? (Die uitgewer is die maatskappy wat die boek gepubliseer het byvoorbeeld Human & Rousseau, LAPA, Penguin, Naledi, Protea of Tafelberg.) Daarna skryf jy ’n **dubbelpunt**.

6. Skryf nou die naam van die uitgewer gevolg deur ’n punt.

## Waar kan ek definisies van literêre terme vind?

In die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring vir Afrikaans Huistaal is ’n lys met definisies van verskeie literêre begrippe wat jy kan raadpleeg.

### Graad 4-6 (bl. 107-115):

https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/National%20Curriculum%20Statements%20and%20Vocational/CAPS%20IP%20%20FAL%20%20AFRIKAANS%20GR%204-6%20%20WEB.pdf?ver=2015-01-27-160948-897





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

# Webtuistes om te raadpleeg (Navorsing)

- LitNet (https://www.litnet.co.za/)
- Versindaba (https://versindaba.co.za/)
- Woorde wat weeg (http://joanhambidge.blogspot.com/)
- dbnl (https://www.dbnl.org/)
- Storiewerf (https://storiewerf.co.za/)
- Academia.edu (https://www.academia.edu/)
- VivA Afrikaans (https://viva-afrikaans.org/)
- *Tydskrif vir Letterkunde* (https://journals.assaf.org.za/tvl)
- *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (https://www.savn.org.za/index.php/tydskrif-vir-nederlands-en-afrikaans)
- *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (http://tgwsak.co.za/)
- Klaskameraad (https://klaskameraad.co.za/)
- WKOD Afrikaans Huistaal (https://wcedeportal.co.za/subjects/afrikaans-huistaal)
- allegaartjie (http://allegaartjie.weebly.com/toetse.html)
- *Literêre Terme en Teorieë* (http://www.litterm.co.za/)
- omteskryf (http://omteskryf.litnet.co.za/)
- Gewildste Afrikaanse gedigte (http://gewildstegedigte.litnet.co.za/)
- Gespierde Afrikaans (https://www.litnet.co.za/gespierde-afrikaans/)
- LitNet Akademies (Opvoedkunde) (https://www.litnet.co.za/category/akademies/litnet-akademies/litnet-akademies-opvoedkunde/)
- Notas, toetse en vraestelle (https://www.litnet.co.za/indeks-notas-toetse-en-vraestelle/)
- LitNet Akademies (Geesteswetenskappe) (https://www.litnet.co.za/category/akademies/litnet-akademies/litnet-akademies-geesteswetenskappe/)





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BRONNELYS


Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Koen, D. 2022. Die literêre-navorsingstaak vir Afrikaans Huistaal (graad 4–9). *LitNet*. Besoek op 23 Augustus 2023. https://www.litnet.co.za/die-literere-navorsingstaak-vir-afrikaans-huistaal-graad-4-9/

Koen, D. 2023. Afrikaans Huistaal: Literêre navorsingstaak – voorbeelde vir graad 9 en graad 11, kwartaal 3. *LitNet*. Besoek op 23 Augustus 2023. https://www.litnet.co.za/afrikaans-huistaal-literere-navorsingstaak-voorbeelde-vir-graad-9-en-graad-11-kwartaal-3/

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Smit, L. 2022. *Felina Kat – Geheime Agent*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.




Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB Uitgewers